# NG Parow-Panorama – Kleingroepe – 28 Junie 2020

## "Back to Basics"

## 1. Mens tot God

- Steek saam 'n kers aan
- Open met 'n gebed
- Omgeegroep Belydenis



## 2. Mens tot Mens

- Wat is die LIEF en die LEED in jou lewe?
- Of: Wat het die afgelope week in jou lewe gebeur?



## 3. Wandel in die Woord



Paulus skryf:
**2 Tim 3:16** "*Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek, sodat die man wat in diens van God staan, volkome voorberei en toegerus sal wees vir elke goeie werk*."

**1 Tess 2:13** "*Ons dank God dan ook gedurig daarvoor dat julle die boodskap van God wat julle van ons gehoor het, ontvang en aangeneem het in die oortuiging dat dit nie mensewoorde is nie, maar die woord van God. En dit is ook inderdaad die woord van God, soos die uitwerking daarvan op julle wat glo, bewys*."

1. Bespreek die twee teksgedeeltes. Paulus sê pertinent dat die Skrif nie net nog 'n boek is nie. Die ou en nuwe Testament soos ons dit vandag het (die Apostels en die Profete) is 'n God gegewe geskenk waardeur God Homself aan ons bekend maak. Is dit soms vir jou moeilik om dit te glo en indien wel, hoekom?

2. Die Bybel bly die primêre bron waardeur die Heilige Gees met ons praat. Soms hoor ons die HG se stem baie duidelik deur die lees van die Bybel en ander kere weer bietjie moeiliker. Waar in jou lewe het jy die ervaring gehad dat die Here direk met jou praat vanuit die Skrif vir 'n spesifieke situasie? Deel dit met mekaar.

3. Hoe dink julle kan ek die Here se stem deur die Skrif meer duidelik hoor?

4. Ons praat in die gemeente oor radikale Christenskap. Watter voorbeelde kan jy aan dink waar Jesus 'n radikaal andersoortige lewe geleef het tydens sy tyd op aarde? Tot hoe 'n mate roep die Bybel vir ons om so 'n andersoortige lewe te leef – dink aan praktiese voorbeelde in en vir jou lewe.

5. In 'n tyd waar mense die Bybel so verskillende interpreteer…hoe gemaak om regtig die bedoeling van God se hart te ontdek in die Skrif as almal 'n ander interpretasie het?

6. Jesus sê *"Wie **ore het** en kan **hoor**, moet luister!"* **(Mark 4:35-41)** Dit is onmoontlik om die Skrif te verstaan indien die Heilige Gees nie ons geestes ore oopmaak nie.

## 4. Gebed

Sluif af deur spesifiek vir mekaar te bid dat die Heilige Gees vir julle die vermoë sal gee om die Bybel reg te verstaan en toe te pas in julle lewe.

## Omgeegroep belydenis

Ons glo in God die Vader, Jesus die Seun en die Heilige Gees.
Ons glo die Vader het beskik dat ons vandag saam in hierdie groep is.
Ons glo Jesus wil dat ons mekaar oordeelloos aanvaar, mekaar liefhê en mekaar versorg.
Die Heilige Gees leer ons om met onverdeelde aandag te luister na mekaar en na God se Woord.
Ons is dissipels van Jesus en wil by Hom leer hoe om te lewe.
Jesus roep ons om 'n seën te wees vir mekaar, die gemeente en die stad waar ons woon.
Deur mekaar lief te hê bereik God Sy doel met ons lewe.
Jesus se koninkryk is die enigste Hoop vir die wêreld. Amen